

Hoofstuk van die dag: Ester 8

> *Vir die Jode was daar weer lig en vreugde en blydskap en ’n gevoel van eiewaarde. (vers 16)*

Die ommekeer in die Jode se lot was ongelooflik. Van verguisde volk tot die uitverkorenes wat die reg gekry het om hulleself teenoor hulle vyande te handhaaf (vers 11).
Die gevolg vir die Jode was verreikend. Hulle was nie net

verlig en bly nie, maar kon weer hulle kop optel (vers 16). Die koning het hulle raakgesien en spesiaal aan hulle omstandighede gedink.
Dit laat my dink aan Sarai se slavin Hagar, wat só sleg deur haar eienares behandel is dat sy weggeloop het. Langs die pad het die Here haar voorgekeer, sodat sy verwonderd uitroep: “U is Die God wat my sien” (Gen 16:13, 2020-vertaling).
Agter die verhaal van Hagar en Ester staan die Here God. Hy wat die hele wêreld in sy hand hou, hou ook sy kinders in die oog. Lees gerus Psalm 37 hieroor.
Een van die grootste behoeftes van mense is om raakgesien te word. Die evangelie is dat God ons inderdaad raakgesien het. In 2 Kor 1:3 noem Paulus God “die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moet gee.”
So, tel op jou kop! Jy is kosbaar vir God.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026